Ps. 84 : 1.
Ps. 68 : 1, 4.
Gesg. 62 : 2.

# U wil geskied.

Lxt. 2: Dek. 1943.

✓ G Onse Vader

Mt 6: – Laat u wil geskied soos in die hemel so ook op d. aarde.

– Jong man, goed aan my bekend, onlangs per ongeluk die meisie wat hy liefgehad het doodgeskiet. Jong man wat ⊗ voorheen baie skepties was oor d. liefde tussen man + vrou – + juis hd. meisie wat deur haar opregthd. hom oortuig het van wat ware liefde kan wees. ⊗ Voorheen ernstige stryd gehad oor die vraag: Is daar 'n God? So ja, is hy 'n God v. liefde? // Toe ek van ongeluk gehoor het, v: Waar nou Here? Hom wat voorheen gestyg het om lig weer in duist. dompel? Die een, wat anker v sy lewe geword het, se ketting gebreek – Wat nou?

→ Kan dit u wil wees?

Hd. v. Kontrasteer by ons op as ons dink aan alled. lewe:

① sendeling – drang heidene – malaria – dood
② staatsman – onmisb. volk – skielik heengegaan
③ Vader – broodwinner – te sterwe!

Asof mens verbysterd staan voor d. wil + wee van 'n God wat jy gladnie begryp nie; dit nie kan rym met die idee v. God van liefde + meegevoel!

– Miskien hd. dinge wat gelei het tot die gewone opvatting van d. wil v God as iets onvermydeliks, 'n las wat jy nie kan loskom nie, noodlot wat jou agtervolg, wat jy nie kan ontvlug nie. Byna soos d. gevoel in nare droom van motorkar wat op jou aangery kom + jy nie kan ontwyk nie! // Ek is seker dat baie mense, ook Xtene d. wil v God verbind met al d. swaar, ellendes + kommer ens. in lewe. Baie Xtene dan as volg redeneer in elke omstandigheid waar hulle swaar kry: "Kindjie siek, man uit werk, moeder dood – – Wer. dis wil v. d. Here!"

Gevolg: ① fatal. lewenshouding: alles dan verwyt
② opstand teen God: verwyt God + mens.

waarhd. sulke ernste wil somtyds deur d. Heer toegelaat mr. nie in die sin dat Hy plesier daarin vind nie! Kan baie seker wees:

I Wat is die wil v O: Baie duidelik onderskei tussen:
a) O's toelatende wil & b) Welbehaaglike wil

a) Die wil v O dat toelaat dat sekere dinge m. mense & volkere gebeur; nie omdat Hy dit goedkeur, mr. oorsede van (i) sonde v.d. mens (ii) [illegible] van sy kinders. Sô br. sondeval v. eerste mens, bedrog v Jakob, wegvoering v. Josef, 40-jarige omswerwing v Isr. in woestyn, oorspel v David:
→ So v/d: oorlog toelaat, onreg aan baie, lyding & smart; hongersnood, pes, revolusie ens.:
→ Waarom laat God al dié dinge toe?
Doel: seker nie omdat O plesier vind daarin — hoe kan Vader v. liefde kom verlustig in d. smart van sy kinders? Ook nie om wraak uit te oefen — dan is Hy mos nie God van liefde nie?— (i) Om mens sy eie toestand te openbaar, sy eie skuld te laat erken & bely // So br. moet d. Here soms siekte stuur as ons nie leef vlg. die wette v.d. natuur. So br. iemand uit werk — om te wys dat sy talente nie in dd. rigting lê nie! // So laat d. Heer toe dat ons soms smart & lyding ondergaan, omdat Hy so baie van ons dink dat Hy ons nie soos slawe & knegte wil behandel, mr. soos vrye mense wat self kan kies tussen goed & kwaad. Vg. verst. vader — opvoeding kind!
→ Ons swaar: wil nie sien, wil nie erken, wil nie verstaan, wil nie verander — hoe kan ons dan anders as swaarkry & ly? God moet tog getrou bly aan sy wette, — Afsg. anders gaos! | Wat sou gebeur as Hy wette moes verander vir ~~[illegible]~~ mens?

b) Welbehaaglike wil: Mr. iets baie dieper & groters: dit tog is eintlike wil v O. Dis wat ons bedoel wanneer ons bid: Teks.



a) Tot eer v O: Hy d. Skepper v. alles volg. bepr. doel & plan. Ontstem deur sonde — nogtans moet dit uitgevoer word vlg. sy wil. Kan dat ons vra dat God dit sal doen: wêr. Verloop tot sy eintl. einddoel bring — anders gin lewe!

b) Tot geluk v.d. mens: Dit was d. doel v. alles: skepping wêreld as lushof vir mens — geen nood pyn, verdriet ens. Alles omver gegooi — nou O besig om alles te herskep: Ook d. mens weer opnuut na d. beeld v. O. om te word wat hy was: die pronkstuk v.d. Skepping, die kroon op O's arbeid!
→ Hier waar ons so swaar kry, so min verstaan, so baie moet leer: ~~verstaan~~ begryp so min Gods plan m. ons lewe, lewe v.d. wêreld, soek ons geluk langs soveel ander weë — & vind dit nie! Kan vra:

II Hoe O's wil leer ken:

a) Wette v.d. natuur: Vir ons liggame, vir ons plante, diere ens. Ons moet dd. wette leer ken & gehoorsaam — anders smart & pyn. Soos kind: moet leer dat vuur gevaarlik is as hy nie wil verbrand! Hoe baie v.d. ellende v.d. mens nie deur onkunde hier:
- baie siektes, ongelukke, ens!
- baie mislukkings boerdery ens!

b) Wette van ons gees: Ook hier sekere vaste wette. Indien nie gehoorsaam dan straf. Br. gespanne, gejaagde lewe > senuwees; Skuldige gewete > onrus; haat teen medemens > wrywing, ongeluk, lyding. As ons nie gehoorsaam moet ons verwag: lyding! Hoe leer?

c) Bybel: Ons wetboek — by name [illegible] — wat d. geheim van te lewe geken het soos

niemand anders. * Wei uit. Sy hele lewe
uitl. v O: versoeking, Gethsemane!
d) Gees v. O: Wat spreek deur verstand, gewete, ens. om ons ook te leer
e) Vriende, omstandighede: wat ons net so baie kan help.

Mr. dan gewillig wees om te leer. Ons bid: Laat u wil geskied!

(1) Gods wil leer ken: Gewillige leerlinge in Gods hand om Sy stem te hoor in a. d. kleinste dinge v. daagl. lewe!

(2) Gods wil leer gehoorsaam: Ons daaraan te onderwerp: al sal ons dit nie verstaan nie, al sal dit smart & lyding bring, leed besorg, dierbares wegneem, offers vra:
→ Weet dis altyd d. beste. God maak nooit 'n fout: weet beter, sien verder, verstaan meer → daaraan berus!

(3) Gods wil daagliks doen: Mr. nie altyd berus, stil sit, hande vou, mr. ook daadwerklik optree om G's wil te ~~doen~~ soek & uit te voer in al d. afdelings van my lewe.
– Die swaarste toets, die hoogste eis:
→ Wat sou die Here doen? Misluk so baie, & tog die hoogste! Ons meer as ooit bid:

„Laat u wil geskied!"

# Die Kerk in die Huis

## DIE STILLE UUR

Deur Ds. A. J. MALHERBE

*Waarom is julle dan nou nalatig om die koning terug te bring?*—2 Sam. 19: 10.

Die koning is afwesig. Daar is niemand op die troon nie. Hy is van sy troon deur 'n indringer verdrywe. Absalom is dood. En die volk verlang nou om Dawid terug te kry. Beskrywe dit nie die geestelike toestand van meer as een nie? Net soos Absalom met sy mooi woorde, maar vals hart, die volk afvallig gemaak het van hul wettige koning, so het die sonde waaraan ons toegegee het, ons ontrou gemaak aan ons Koning en Hom van die troon van ons hart gestoot.

*Die tekens van sy afwesigheid* kan duidelik gesien word en deur ons gevoel word. *Vrede* is daar nie, omdat die Vredevors uit ons hart weg is. „Hy is onse Vrede," en sonder Hom het ons nie ware sielerus nie. *Die gebedslewe* kwyn, want wie sal die guns en die hulp en die gemeenskap soek van die Koning wat weg is? Dat sy aangesig nie meer gesoek word nie, is 'n seker teken dat Hy nie meer op die troon is nie. *Die ywer in sy diens verkoel.* Die wat die strydwapens aangegord het om sy vyande te bestry en sy ryk uit te brei, het nie meer daardie geesdrif in sy diens nie. *Vir sy eer* word nie meer gewaak nie. As iemand tot oneer van die Koning spreek, ontvlam ons nie meer in heilige verontwaardiging nie. Waarom? Omdat Hy nie meer op die troon sit nie.

Goddank, baie is ontevrede met hierdie toestand en bitter spyt dat hulle ooit die indringer toegelaat en die eie-ek op die troon geplaas het. Maar „waarom is julle dan nalatig om die koning terug te bring?" Hy wil baie graag terugkom. Ja, Hy staan reeds aan die deur en klop. Maar daar is 'n paar voorwaardes. Absalom moet uit die weg wees. *Die sonde*, wat Hom bedroef laat wyk het, moet *gedood* word. Ons moet daarvan heeltemal afsien. Ons moet 'n *sterk begeerte* hê om Hom terug te ontvang. Ons voornemens is dikwels doodgebore, omdat ons verlange nie sterk genoeg is nie. „My siel beswyk van sterk verlange." Ons moet met 'n innige drang *Hom vra om terug te kom.* Moet tog nie langer versuim om die Koning terug te bring nie, waar u die tekens van sy afwesigheid bespeur.

„Gee my weer die vreugde van u heil."

———o———

## PREEK

### DIE REUK VAN DIE SALF

Deur Ds. C. F. B. NAUDÉ, Loxton.

*En die huis het vol geword met die reuk van die salf.*—Joh. 12: 3.

In skerp kontras met die weiering van die Samaritane om Jesus Christus te ontvang op sy laaste reis na Jerusalem, staan die verwelkoming wat Hom te beurt geval het by sy aankoms in Betanië. Ons hoef maar net vir 'n oomblik na te dink oor die noukeurige verslag wat Johannes gee van die ontvangs om te besef dat ons hier met 'n besondere gebeurtenis te doen het. Hierdie maaltyd in Betanië was nie 'n gewone aandete nie; dit was 'n groot publieke dinee gegee op die Saterdagaand voor Paasfees ter ere van die uitstaande figuur van daardie tyd in Palestina: Jesus van Násaret.

Die bewys vir hierdie bewering vind ons daarin dat die vermelding van „'n maaltyd" deur Johannes en ook deur die ander evangeliste betrekking gehad het op 'n publieke maaltyd ter ere van een of ander uitstaande figuur. 'n Blik op die gaste wat aan die dinee dié aand deelgeneem het, laat ons ook dadelik besef dat hulle hier saam was met 'n besondere oogmerk: daar was Simon die melaatse, wat Jesus gesond gemaak het en in wie se ruim huis die ontvangs gehou is; daar was Martha wat bedien het — en met watter plesier het sy nie die bediening dié aand waargeneem nie! Dan was daar Maria, haar suster, die stille luisteraar, wat soveel kere aan Jesus se voete gesit het; en haar broer Lasarus, deur Christus opgewek uit die dode, wat saam met Christus die ereplek aan die tafel beklee het. Hierdie bekende vriendekring is voltooi deur 'n aantal gaste uit die dorpie en sekerlik ook uit Jerusalem wat gekom het om Jesus hul hulde te bring. Wat ookal die vyande in Jerusalem se toekomsplanne mag wees om Jesus om die lewe te bring, in die vriendekring van Betanië sou Hy veilig wees vanaand.

Ons sien voor ons die hele toneel: die helderverligte saal, die opgewekte klank van stemme, die ywerige bediening, die aangename gees van kameraadskap — alles was agtermekaar; niks het kortgekom om die huldigingsfees te voltooi nie. Niks nie? Ja, tog iets: die volmaakte huldebewys, die offer van liefde wat Maria sou bring. En terwyl die gaste vrolik om die tafels op die rusbanke leun en gesels, kom sy met 'n kruik egte nardussalf stilletjies die saal binne. En voordat enigeen haar bedoeling ten volle begryp, nader sy die sitplek van die Meester, kniel voor Hom neer en breek die hele kruik met salf oor sy voete. In een beweging skud sy haar swaar haarvlegsels los — die kroon van elke vrou van daardie tyd — en droog sy die gesalfde voete af met haar hare.

*„En die huis het vol geword met die reuk van die salf . . . ."* Hierdie liefdesdaad van Maria kry eers dan sy volle betekenis as ons dit van die volgende drie kante beskou:

I. *Die aanleiding tot die daad.*—Dadelik kom hierdie eerste vraag by ons op: „Waarom het Maria so iets buitengewoons gedoen?" Daar moes tog 'n baie sterk dryfveer agter hierdie daad gesit het om so 'n fyngevoelige vrou soos Maria daartoe te bring om Jesus se voete daar in die openbaar te salf; en dit sonder om 'n druppel van die kosbare nardus terug te hou!

Daar was redes, ja, en baie sterk redes ook. Agter dié daad van hierdie vrou het daar geskuil:

(i) *Haar dank vir die vriendskap deur Jesus aan haar gegee*: Maria was die een wat aan sy voete gesit het, wat so oneindig baie van Hom geleer en ingedrink het. Dit was deur Christus se vriendskap dat sy kon deel in al sy diepste gedagtes, sy hoë ideale, sy volkome uitlewing daarvan deur sy gemeenskap met sy Vader — 'n vriendskap wat gesluit en verdiep is ge-

durende die tye toe Jesus daar by hulle kom uitrus het in Betánië. Hoe is hierdie vrou se lewe nie verryk deur die wonderbare liefde en belangstelling wat Christus aan haar geskenk het nie!

(ii) *Haar waardering vir die liefde deur Jesus aan die gesin betoon*: Was dit nie ook in Maria se gedagtes, al die hele tyd: Wat Jesus vir hul familie beteken het in die afgelope jare nie? Daar was Martha, haar suster, die oorywerige huisvrou, vir wie Jesus geleer het deur woord en eie voorbeeld wat dit beteken om jou geestesrus te bewaar ten spyte van veelvuldige en druk werksaamhede: om besig te wees maar nie gejaag nie. Maar nog meer, die grootste en beste wat iemand ooit aan hulle kon gee, het Jesus gegee — die lewe van hul broer Lasarus, wat hulle hartstogtelik liefgehad het! Wat moes dit nie vir daardie twee susters beteken het om weer hul broer te ontvang uit die hande van die dood — en dat Christus sy lewe gewaag het om daarvoor na Betánië te kom!

(iii) *Die bewys dat sy verstaan wat Hom wag*: Maria, na al haar intieme gesprekke met die Heer en met die fyn intuïsie van die vrou wat liefhet, het geweet watter doodsgevaar Jesus besig was om te trotseer deur na Jerusalem te kom. Instinktief het sy gevoel: dis die laaste keer dat Hy hier sal wees — sy dood lê voor. En uit die oorvolheid van 'n dankbare vrouehart, sonder om enige koste te bereken, sonder om dinge op te weeg, breek sy die albasterfles met kosbare salf, salf wat gewoonlik gebruik word om konings mee te salf, om haar Koning te vereer in 'n laaste liefdesdaad voor sy dood! *„En die huis het vol geword met die reuk van die salf . . . .”*

Geliefdes, ek wil u vra om terug te kyk in u eie lewe en die lewe van u dierbares: Was een van u nie miskien ook 'n Maria vir wie Jesus se vriendskap 'n 'n nuwe lewe gebring het, 'n nuwe toekoms geskep het, 'n nuwe mens gemaak het nie? Was daar nie in u huis 'n Martha wie se lewe vol kommer en sorg oor klein dinge tot rus gebring is deur Jesus se invloed nie? Of 'n Lasarus wat aan u teruggegee is uit die kloue van die dood — liggaamlik of geestelik? So ja — het ons dan al gedink daaraan om ons nardusfles met kosbare salf, ons liefdesoffer in watter vorm ook al, vir Jesus te breek?

II. *Die veroordeling van die daad.*—In skerp kontras met hierdie onselfsugtige liefdesdaad van Maria staan die veroordeling van Judas, sowel ook as van die ander dissipels, wat sy uitdrukking vind in die vlymende skerp woorde: „Waarom hierdie verkwisting? Waarom hierdie salf nie verkoop vir 300 pennings en die geld aan die armes gegee nie?” Teenoor die betowerende geur van die salf versprei hom nou die onsmaaklike reuk van die sonde. Waarom hierdie verkwisting? Hoe moes daardie woorde nie gesny het deur die hart van Maria nie!

Maar Judas: wat het daar alles in sy hart omgegaan? Waarom was sy veroordeling so skerp en kras? Het hy dan nie die volste reg gehad om ernstig te waarsku teen onnodige vermorsing en verkwisting van dinge wat miskien baie beter gebruik kon word nie? As dit sy motief was, dan het hy die reg gehad; maar was dit die geval? Die veroordeling van Judas is vir ons.

(i) *'n Openbaring van sy materialistiese lewenshouding*: Vir my is dit duidelik dat ons hier 'n man het wat die hele lewe bereken in terme van geld — wat nie kan besef dat daar sekere offers gebring kan word waar geld nie tel nie, waar iemand nie dink: „hoeveel moet ek betaal nie?” maar wel: „Hoeveel kan ek gee?”

(ii) *'n Bewys van sy oneerlike bedoelinge*: Hy was die draer van die beurs, waardeur hy die kans gesien het om homself stilletjies te verryk — en nou kom hierdie man optree as die pleitbesorger vir die armes! Met watter huigelagtigheid kom die mens nie baie keer voor die dag om sy ware bedoelinge te bedek nie!

(iii) *Die gevolg van sy jaloesie op Maria*: Miskien was dit die grootste rede waarom Judas se oordeel so hard was: Maria se onselfsugtige liefdesdaad het hom ineens sy eie hart geopenbaar — hoe groot sy gebrek aan liefde teenoor die Meester was wat hom gekies het as dissipel en sy liefde ook aan hom gegee het. En daarom sy harde woorde om die sagte stem van 'n skuldige gewete te smoor!

Hoe oordeel ons ander mense? Wat is die maatstawwe wat ons aanlê? Is ons vernietigende kritiek op ander mense se optrede nie ook maar baie keer gebore uit ons eie belang, ons voorneme om ook so 'n iets uit die transaksie te maak of ons jaloesie omdat ander se lewes meer liefde inhou as ons s'n?

Maria praat self geen woord, sy verdedig nie haarself nie: die gebroke fles doen dit vir haar . . . . En wat doen Christus? Let ten slotte op:

III. *Die beloning van die daad.*—Jesus sê: „Laat haar staan. Waarom maak julle dit moeilik vir die vrou? Want toe sy hierdie salf op my liggaam uitgegooi het, het sy dit gedoen met die oog op my begrafnis. Voorwaar Ek sê vir julle orals waar hierdie evangelie verkondig sal word in die hele wêreld, sal ook gespreek word van wat sy gedoen het, tot 'n gedagtenis aan haar.” Die eerste ding wat Christus dus doen, is om haar in beskerming te neem. Hy kyk nie na die geld nie, maar na die gesindheid. Hy lê die een groot toets aan waarmee Hy sy hele lewe mense se lewes gemeet het, t.w. „was dit gedoen uit liefde?”

Maar Hy gaan verder en deur sy woorde sê hy aan haar: „Dankie, Maria! Al sou die ander ook nie verstaan nie, Ek verstaan dat jy weet dat Ek gaan sterwe en dat jy nie wou wag tot Ek dood is om jou hulde aan my te bring nie! Jou liefde sal beloon word, Maria: dit wat jy nooit gesoek het nie, sal die wêreld jou bring — sy hulde vir jou liefdesdaad!”

Maar bowenal, *die huis het vol geword met die reuk van die salf.* Al het Jesus ook nie geantwoord nie, Maria se offer was die antwoord. Soos 'n blomwinkel wat nie nodig het om sy ware te adverteer nie, omdat die geur dit aan almal vertel, was ook haar daad. Miskien het Maria nie kans gesien vir die offer van die kruis nie. Ook ons sal seker nie altyd daardie offer van die kruis kan bring nie, maar miskien verwag die Heer baie eerder die offer van ons gebroke nardusfles! Sodat die huis vervul kan word met die geur van die salf. Die huis van die wêreld wat vandag so min het van die geur van die salf; watter geur versprei ons lewes daar? Die Judasgees van haat en jaloesie òf die Mariasgees van diens en dankbaarheid? Die huis van die gemeente. Word ons nie geroep om ook daar in stilte die fles met nardus te breek in die huise van gemeentelede wat smag na 'n bietjie liefde en belangstelling wat ons as Christene kan bring nie? Om sulke klein liefdesdade te verrig wat meer sê as duisende woorde? Die huis van die Christen. Daar by ons ouers, broers en susters, daar aan die eettafel, in die kombuis, in ons woonvertrekke — watter geur versprei ons lewes daar? Die huis van ons hart; agter alles moet die offer van die hart staan — die gebroke kruik van ons eie lewes. En die offer kan alleen hy bring wat iets verstaan van die geheim van die kruis waar Jesus Christus sy lewe as die kosbaarste fles verbreek het sodat ons lewe gevul kan word met die reuk van die salf. Amen.

Lees: Joh. 11: 55; 12: 11.
Sing: Ps. 42: 1; Ges. 67: 2, 3; Ges. 124: 4, 10.